*Oelofse M & Weyers ML*

# 'N VOORBEELD VAN DIE BENUTTING VAN METAFORE IN DIE MAATSKAPLIKEWERK-HANTERING VAN SEKSUEEL GEMOLESTEERDE KINDERS

*Mev M Oelofse is 'n maatskaplike werker in privaat praktyk en dr ML Weyers is 'n senior lektor verbonde aan die Skool vir Psigo-Sosiale Gedragswetenskappe: Vakgroep Maatskaplike Werk van die Potchefstroomse Universiteit vir CHO*

## SUMMARY

**Background:** Due to the high incidence of child sexual abuse in South Africa and an increasing number of cases being reported to social worker institutions, practitioners have come under pressure to deliver more effective therapeutic services to especially the victims of such circumstances. Their interventions has, however, been hampered by two factors. They are the absence of well-grounded treatment programmes and a lack of therapeutic techniques and aids that would meet local needs.

**Objectives:** To develop a treatment programme that could be used as a guideline for intervention and to determine the usefulness of metaphors as therapeutic tools in the application of this programme.

**Method:** The research encompassed the establishment of a tentative treatment programme and its testing and refinement through multiple case studies. These cases covered more than 107 children that were allocated to the researcher while she was working at the Welcome Child Guidance Clinic between 1992 and 1999. The development and testing of metaphors formed an integral part of this process. The results that were obtained will be covered in two separate papers, one pertaining to the programme itself and the other to the use of metaphors.

**(Part Two) Results re the use of metaphors:** Metaphors proved to be effective in the establishment of a therapeutic relationship, in helping children to cope with feelings of guilt and shame, and in addressing irrational thoughts and emotional pain. They are also useful in helping them to internalise new knowledge and insight, master new skills and develop a new feeling of self worth.

## INLEIDING

Hierdie artikel is die tweede deel van 'n uiteensetting wat gebaseer is op 'n agt-jaar-lange ondersoek na die benutting van metafore in die maatskaplikewerk-hantering van seksueel gemolesteerde kinders. Daar is in Deel Een veral gelet op 'n behandelingsprogram wat vir die hantering van sodanige kinders ontwikkel is en wat as 'n riglyn in dienslewering benut kan word. In Deel Twee sal die betrokke riglyn aan die hand van 'n gevallestudie gesubstansieer en geïllustreer word.

Beskikbare statistiek toon aan dat daar in die jaar 1998 'n totaal van 15 732 gevalle van verkragting van kinders in Suid-Afrika aangemeld is. Dit verteenwoordig 'n toename van 108% teenoor 1994 en is 7% meer as in 1997 (Pienaar, 2000:22). Indien in ag geneem word dat baie gevalle nooit aangemeld word nie (Burgess, 1991:xviii), moet daar met Morrow & Smith (1995:24) saamgestem word dat die "Sexual abuse of children appears to exist at epidemic levels".



CamScanner

Hierdie hoë voorkoms van seksuele misdade teen kinders, tesame met 'n toename in die getal aanmeldings daarvan by maatskaplikewerk-organisasies (Loffel, 2000:6), plaas die onus op maatskaplike werkers om beide voorkomende programme van stapel te stuur en koste-doeltreffende terapeutiese dienste tot slagoffers se beskikking te stel. In laasgenoemde verband is daar egter tydens dienslewering by die Kinderleidingkliniek te Welkom gevind dat terapeutiese intervensies deur veral twee faktore belemmer word. Dit is naamlik die afwesigheid van gestruktureerde behandelingsprogramme en 'n tekort aan getoetste tegnieke of hulpmiddels vir die toepassing daarvan. Dit het aanleiding gegee tot 'n tweeledige navorsingsprojek waardeur 'n behandelingsprogram ontwikkel is (sien Deel Een vir besonderhede) en waarin metafore as terapeutiese tegnieke en hulpmiddels getoets en empiries geverifieer kon word. Daar sal vervolgens veral op die agtergrond en resultate van laasgenoemde gefokus word.

## METODE VAN ONDERSOEK

'n Gebrek aan empiries-gebaseerde navorsingsresultate oor die benutting van metafore in die maatskaplikewerk-hantering van gemolesteerde kinders het meegebring dat 'n kwalitatiewe ondersoek van 'n verkennende en beskrywende aard onderneem moes word (vgl. Strydom, 1999:77). Binne hierdie konteks en as gevolg van die besondere navorsingsopset is daar van meervoudige gevallestudies as instrument gebruik gemaak. Die oogmerk hiervan was om nuwe terapeutiese intervensies te ontwikkel; om die effektiwiteit daarvan te evalueer; en om verdere navorsing te fasiliteer (vgl. Royse, 1992:219; Rubin & Babbie, 1993:398-401).

Die navorsing is vanaf 1992 tot 1999 by die Kinderleidingkliniek te Welkom onderneem. Die algemene ondersoekgroep het bestaan uit nagenoeg 107 kinders wat gedurende hierdie tydperk weens seksuele molestering aangemeld is en deur die kliniekhoof vir terapie na die navorser verwys is. Die ontwikkeling, toepassing en algemene toetsing van metafore het 'n integrale deel van die betrokke terapeutiese dienste uitgemaak.

Elke aangemelde kind is as 'n gevallestudie gehanteer en daar is rakende elkeen van veral drie tipes data-insamelingstegnieke gebruik gemaak. Dit was naamlik onderhoudvoering, deelnemende waarneming en sekondêre analise (Glesne & Peshkin, 1992:24). Die onderhoudvoering het uit beide terapeutiese intervensies met die kind asook persoonlike onderhoude met sy/haar ouers/voogde en ander belanghebbende persone bestaan. Die deelnemende waarneming het veral betrekking gehad op die kind se gedrag en response tydens behandeling, terwyl aanmeldingsverslae, polisieverklarings, mediese verslae en skoolverslae onder andere aan sekondêre analise en interpretering onderwerp is. Daar is tydens die behandeling ook volledige prosesverslae wat later stelselmatig geïnterpreteer kon word, geskryf.

Tydens die ondersoek is 'n omvattende behandelingsprogram (sien Diagram 1) wat onder andere moes verseker dat al die tersaaklike temas in die behandeling en navorsing gedek sou word, ontwikkel. Daar is ook verskeie metafore ontwikkel en empiries getoets.5 Ter illustrasie van die aard, ontwikkeling en toepassing van metafore in die behandeling van gemolesteerde kinders sal daar in hierdie uiteensetting egter slegs op een metafoor en een gevallestudie gelet kan word.

Alvorens die toepassing van metafore egter aandag kan geniet, is dit nodig om kortliks te let op die aard van metafore en die vereistes waaraan elkeen moet voldoen.

---

5 Hierdie metafore kan vanaf die outeurs bekom word.



CamScanner

**Diagram 1:**
**Die oorhoofse behandelingsprogram-raamwerk**




## METAFORE EN TERAPIE

'n Terapeutiese metafoor is vir die doeleindes van die ondersoek gedefinieer as:

> *'n storie en of 'n beeld wat op ten minste twee vlakke – te wete in sy letterlike betekenisvorm en as 'n simboliese uitbeelding – 'n boodskap kan oordra en wat in sy simboliese vorm gebruik kan word om die betekenis van 'n situasie te verduidelik deur brûe tussen bekende en onbekende ervaringe te bou.*

Die waarde van metafore lê oor die algemeen daarin dat dit as beide 'n direkte terapeutiese tegniek en as 'n fasiliteerder van die terapeutiese proses gebruik kan word. Fox (1989:230) som die essensiële terapeutiese waarde van die tegniek op wanneer hy skryf dat: "It alters perspective. It provides harmonious and clear vision to what initially seems ambiguous and disassociated". Sheinberg et al. (1994:263) en ander het egter ook gevind dat, wanneer kliënte hul omstandighede eers metafories gestel het, hulle daarna meer geneig sou wees om direk daaroor te praat en hul vrese met ander te deel. Metafore kan gevolglik ook gebruik word om die terapeutiese proses te fasiliteer deur aan die betrokkenes 'n medium of instrument te bied om die betekenis van ervaringe, wat dikwels ontwykend is, meer toeganklik te maak (vgl. Müller & Maritz, 1998:64).

Die ondersoek het aangetoon dat, by die keuse van 'n metafoor, dit nie soseer gaan oor die seleksie van 'n "korrekte" teenoor 'n "foutiewe" een nie. Dit raak eerder die vind van 'n metafoor wat die beste by 'n gegewe situasie sal pas. Tog is daar ten minste vyf vereistes waaraan sodanige metafore moet voldoen. Dit is naamlik:

- eenvoud;
- passing by die spesifieke kind,



CamScanner

- die uitbeelding van 'n "karakter" of objek waarmee die kind haar6 kan assosieer;
- die uitbeelding van gebeure waarmee die kind kan identifiseer; en
- die vermoë om sensoriese integrasie te laat plaasvind.

Elk van hierdie eienskappe sal vervolgens baie kortliks in oënskou geneem word.

Ten einde by 'n kind se ontwikkelingsvlak aansluiting te vind, moet die metafoor so **eenvoudig en ongekompliseerd as moontlik wees en geen verskuilde agendas of dubbelsinnige subtemas bevat nie.** Dit moet ook so geformuleer word dat dit by 'n kind se ouderdom, ontwikkelingsvlak, ervaringswêreld en taalontwikkeling sal pas (Lankton & Lankton, 1989:381; Sheafor et al., 1997:514). Die metafoor moet dus as 'n spieël vir die kind kan dien om na hom/haarself te kyk en hom/haarself met ander te vergelyk.

Die spesifieke metafoor wat geselekteer of ontwikkel word, moet direk by elke kind se unieke persoonlikheid, disposisie, ontwikkelingsvlak, vermoë, voorkeure, kulturele agtergrond en lewenservaring **pas** (vgl. Combs & Freedman, 1990:123). Dit bring mee dat daar nie iets is soos 'n "standaard metafoor" wat net so vir alle kinders gebruik sal kan word nie. Wat wel moontlik is, is om bestaande metafore vir unieke situasies aan te pas.

Dit is derdens nodig dat die metafoor 'n "karakter" sal uitbeeld of 'n objek sal bevat wat sodanige menslike geloofwaardigheid toon dat die **kind hom/haar met die karakter of objek sal kan assosieer** (Lankton & Lankton, 1989:380; Schoeman, 1996:93). Hierdie assosiasie is nodig vir die ontwikkeling van insig en vir die na-vore-bring van eie latente en versteekte begeertes en gevoelens. So sal die kind byvoorbeeld, wanneer hy/sy sien dat die fantasie-karakter met iets sukkel, vir die eerste keer besef dat hy/sy met dieselfde situasie te kampe het.

Benewens 'n hoofkarakter, moet die metafoor ook **situasies of gebeure waarmee die kind kan identifiseer uitbeeld** (Mills & Crowley, 1986:65). Deurdat dit die kind in staat moet stel om 'n brug tussen die inhoud van die metafoor en die werklike lewe te bou, moet die gebeure wat daarin afspeel, aan die een kant die kind se situasie en probleem só akkuraat stel dat hy/sy daarmee kan identifiseer. Aan die ander kant moet dit egter ook so indirek wees dat dit nie die kind skaam of selfbewus sal maak en weerstand sal ontketen nie (Mills & Crowley, 1986:65). Ten einde hierdie balans te handhaaf en terselfdertyd identifisering moontlik te maak, behoort die metafoor die volgende ses elemente te bevat:

- 'n *hoofkarakter* waarmee die kind kan identifiseer;
- 'n tema van *konflik* rondom die hooffiguur wat met die probleem en situasie wat die kind ervaar, ooreenstem;
- 'n *proses* waarin helde of helpers (wat die hooffiguur se vermoëns en reserwes verteenwoordig) en skelms (wat die hooffiguur se vrese en irrasionele denke verteenwoordig) in interaksie met mekaar verkeer;
- 'n *krisis* wat tydens die verloop van die storie voorkom en wat slegs deur die vasberade optrede van die hooffiguur oorkom of opgelos sal kan word;
- 'n *situasie* waarin die hooffiguur uiteindelik sukses behaal; en
- ter afsluiting, *feesvieringe,* waarin die hooffiguur se spesiale waarde erken word (Mills & Crowley, 1986:65; Schoeman, 1996:91).

---

6 Vir aanbiedingsdoeleindes sal daar, rakende die seksueel gemolesteerde kind, van die vroulike verwysingsvorm gebruik gemaak word. Dit impliseer nie dat seuns nie ook gemolesteer word nie.



CamScanner

Die metafoor moet laastens oor die vermoë beskik om **sensoriese integrasie** te laat plaasvind (Mills & Crowley, 1986:138). Dit kan bewerkstellig word deur die metaforiese objek (bv. 'n huisie) te konkretiseer sodat dit aangeraak en gesien kan word. Hierdie tasbare voorwerp word dan die middelpunt van die gedramatiseerde metaforiese storie wat die kind aanhoor en daaruit die gesprekke voortvloei.

## DIE TOEPASSING VAN METAFORE

Dit het uit die uitgebreide benutting van metafore in die behandeling van seksueel gemolesteerde kinders geblyk dat hierdie meganisme veral die volgende ses voordele inhou (Oelofse, 2000:167-168):

- Dit was by uitstek geskik om kinders se beperkte uitdrukkings- en taalvermoë te oorbrug deur aan beide die terapeut en kind 'n "woordeskat" waarmee gebeure, probleme en gevoelens geartikuleer en abstrakte konsepte en emosies verkonkretiseer kon word, te voorsien.
- Tweedens was dit 'n nie-bedreigende tegniek waardeur die kind se situasie op 'n simboliese en minder konfronterende wyse verken en aan hom of haar teruggekaats kon word.
- Derdens het dit ook dieselfde voordele as ander projektiewe tegnieke ingehou. Derhalwe het dit 'n "neutrale" medium voorsien waardeur kommunikasie kon geskied en waardeur verskillende gebeurtenisse, gevoelens, idees, karaktereienskappe of situasies met mekaar in verband gebring kon word sonder dat die betrokke kind direkte eienaarskap daarvan hoef te aanvaar het. Hierdie eienskap het dit ook 'n nuttige tegniek vir die omseiling van verdedigingsmeganismes gemaak.
- Daar is ook gevind dat, wanneer 'n metaforiese storie met 'n tasbare metaforiese objek gekombineer word, die terapeutiese impak daarvan verhoog is. Dit het die terapeut die geleentheid gebied om op die sensoriese vlak met die kind te kommunikeer en terselfdertyd aan die kind 'n tasbare meganisme te voorsien om eksterne uitdrukking aan sy of haar interne trauma te gee.
- Die besondere aard van metafore het hulle by uitstek daartoe geleen om kinders se denke te stimuleer; idees vir probleemoplossing te genereer; selfkennis te ontwikkel; innerlike pyn te vertroos; nuwe gedrag aan te leer; en rapport tussen terapeut en kind te bewerkstellig.
- Laastens was dit duidelik dat metafore baie meer interessant en pret vir die kinders was as direkte kommunikasie en dat dit goed aansluiting by 'n kind se "deskundigheid" in die bou van fantasieë (vgl. Spies, 1993:13) gevind het.

Die bogenoemde voordele sal vervolgens aan die hand van een van die metafore geïllustreer word.

## DIE "HUISIE"-METAFOOR

Slegs een van die metafore wat vir die hantering van gemolesteerde kinders ontwikkel is, naamlik die "huisie"-metafoor, sal vir illustrasiedoeleindes benut word. Hierdie metafoor gebruik 'n objek wat aan alle kinders - ongeag inkomstegroep, kultuur of geslag - bekend is en waarmee selfs baie jong kinders hul geredelik maklik kan assosieer.

### Die doel van die "huisie"-metafoor

Die spesifieke doel van die "huisie"-metafoor is om op 'n nie-bedreigende wyse aan die kind die boodskap oor te dra:



CamScanner

- dat die trauma van seksuele molestering nie in "die donker" weggebêre moet word nie, maar na vore gebring en bespreek moet word;
- dat herstel wel met professionele hulp moontlik is; maar ook
- dat die kind hiervoor as "ko-terapeut" aan die terapeutiese proses sal moet deelneem deur self aan die herstel van die "beskadigde" objek (die "huisie"/hom/haarself) te werk.

## Die metafoor se storielyn

Die "huisie"-metafoor word eers in die vorm van 'n storie aangebied. Op grond van die inligting wat vanuit die voorbereidingsfase bekom is, kan verskeie elemente van dié storie op so 'n wyse verander word dat dit by die kind se besondere omstandighede sal pas. Hierdie elemente sluit in:

- die naam van die huisie;
- die naam van die oortreder;
- die identiteit van die oortreder (bv. die vader, 'n familielid of 'n persoon vanuit die omgewing); en
- die omstandighede van die oortreding (bv. speletjies op die bed of op die bank, of gebeure in die badkamer of in 'n ander gebou).

In die hieropvolgende uiteensetting sal die metafoor se storielyn so ver as moontlik op 'n neutrale en bondige wyse aangebied word. Daar sal ook slegs op die kernelemente van die storie en nie op alle moontlike variasies en uitbreidings gelet word nie. Vir aanbiedingsdoeleindes word aanvaar dat die oortreder se naam "Kabous" en die slagoffer "Sonja" is. Vandaar die titel: Sonja-huisie.

## Prosedure in die toepassing van die metafoor

Die "huisie"-metafoor kan slegs eenmalig of deurlopend vanaf die aanvangs- tot in die termineringsfase van behandeling gebruik word. Die terapeut kan ook op enige stadium van die proses vir die eerste keer daarvan gebruik begin maak. Dit is egter verkieslik om deurlopend een oorhoofse metafoor te gebruik omdat dit volgens Ballester & Pierre (1995:132) en Barker (1985:195) die kind se vermoë om nuwe vaardighede te bemeester, verhoog en die tempo van leer versnel.

In die hieropvolgende praktykillustrasie sal die benutting van een primêre metafoor aandag geniet. Die betrokke gevallestudie sal oorhoofs volgens die gegewe behandelingsprogram-raamwerk (sien Diagram 1) gestruktureer word.



CamScanner

## ILLUSTRASIE 1: DIE "HUISIE"-METAFOOR

**"SONJA HUISIE": DIE STORIELYN**

*Eendag was daar 'n huisie. Die huisie was nog klein in vergelyking met sommige van die ander huisies in die omgewing. Die huisie se naam was Sonja-huisie.*

*Sonja-huisie het naby ander huisies gewoon. Sy was onbewus van skelms wat by huisies inbreek en goed steel. Sy het dus nie 'n veiligheidsdeur, diefwering of 'n alarmstelsel gehad nie. Sy was 'n pragtige huisie wat daarvan gehou het as iemand vir haar kom kuier. Dit was vir Sonja-huisie baie lekker as die ligte in haar huisie skyn en as daar lig in al die vertrekke is.*

*Dit was veral baie lekker wanneer haar vensters oop was en die vars briesie die gordyne roer, die voëls buite in die bome gesing het en die son haar dakkie en mure lekker warm gebak het.*

*Van die kabouters wat daar naby in 'n boomhuis gebly het, het dikwels by Sonja-huisie kom kuier. Kabous het meer as die ander kabouters kom kuier. Sonja-huisie het nie meer so vrolik en gemaklik gevoel wanneer Kabous in haar huisie was nie. Hy het gereeld vertel dat sy 'n baie mooi huisie is en dat hy baie lief vir haar is. Terwyl hy met haar praat, het hy aan haar geraak. Sy aanraking het Sonja-huisie soms lekker en soms sleg laat voel. Kabous het die ligte in die huisie afgesit as hy aan haar vat. Omdat dit donker was wanneer Kabous daar was, het Sonja-huisie vir niemand daarvan vertel nie. Sy het gedink niemand sal haar glo nie.*

*Sonja-huisie het later nie meer haar liggies laat brand of haar venstertjies oopgemaak nie. Van die ander groter huisies daar naby het gewonder wat fout met Sonja-huisie is. Sommige het selfs gesê sy is sommer net 'n klein stout huisie.*

*Eendag het die vroutjie wat gereeld Sonja-huisie uitgevee en skoongemaak het, met Sonja-huisie begin praat. Sy het gesien dat Sonja-huisie se ligte nie brand nie en dat haar vensters altyd toe is.*

*Sonja-huisie was baie bang om vir die vroutjie te vertel. Die vroutjie het Sonja-huisie se mure gewas, haar ligte aangesit en al haar venstertjies oopgemaak. Toe die ligte aan en al die vensters oop was, het Sonja-huisie lus gevoel om van blydskap te sing.*

*Die volgende dag, nadat Kabous kom kuier het, was haar huisie weer donker en haar venstertjies toe. Die vroutjie was hartseer om alles weer toe en donker te kry en sy het vir Sonja-huisie gesê sy gaan die plaaslike huisie-dokter haal.*

*Die huisie-dokter en die vroutjie het met Sonja-huisie gepraat. Sonja-huisie het besef sy wil nie vir altyd donker wees en toe bly nie. Sy het vir die huisie-dokter vertel wat Kabous gedoen het.*

*Die huisie-dokter het dadelik gereël dat die dokter met Kabous praat en hulle het hom na 'n kabouter-hospitaal toe geneem. Die vroutjie het Sonja-huisie weer mooi skoongemaak en haar venstertjies oopgemaak.*

*Sonja-huisie het besef dat sy na die sang van die voëltjies verlang het. Dit was weer lig in haar huisie en sy het weer warm en knus gevoel.*

*Die vroutjie en die huisie-dokter het vir haar diefwering en 'n veiligheidsdeur laat aansit en Sonja-huisie het geweet dat sy nou kon kies wie by haar mag kuier. Sy het ook geweet dat sy kon praat as iets nie vir haar lekker of reg voel nie. Die ander huisies was net so bly dat Sonja-huisie se liggies weer skyn en haar venstertjies oop is. Om te wys hoe bly hulle is, het hulle gereël dat al die kabouters in die omgewing 'n straatpartytjie hou. Al die huisies, voëltjies en die kabouters het vir Sonja-huisie gesing. Sonja-huisie het lekker saamgesing en het geskrik toe sy besef dat sy gedink het dat sy nooit weer sal kan sing nie. Die huisie-dokter en die vroutjie het vir haar geknipoog.*



CamScanner

daar reeds in hierdie fase moet besef/weet/leer dat 'n kind of huisie weens hul kleinheid en gebrekkige lewenservaring geen skuld kan dra nie, is Lauren herhaaldelik van haar onskuld verseker. Ten einde die verskil ten opsigte van verantwoordelikheid op 'n konkrete wyse aan Lauren te begin oordra, is sy as ***stap drie*** versoek om 'n huisie uit karton te maak. Die navorser het haar hierin aktief bygestaan. Deur hierdie aktiwiteit is die vertrouensverhouding verder versterk en kommunikasie bevorder. Die mure van die huisie (sien Illustrasie 2, huisie in die middel) is gevorm deur 'n langwerpige karton in 'n sirkel te vou en bo en onder vas te kram. 'n Deur en vensters is op die plek van die kind se keuse ingeteken en die dak is uitgesny en opgesit. Hierna kon daar met die konkrete en sigbare huisie in gesprek getree word.

Die huisie is op 'n tafel in die navorser se kantoor neergesit en die proses van gesprekvoering is met die huisie begin. Die huisie is as Lauren aangespreek en daar is aan die huisie gesê dat "ons" (dus die terapeut en die kind) bewus was daarvan dat daar iets slegs met haar gebeur het wat nie haar skuld was nie en dat "ons" haar graag wou help. Lauren het op versoek ingestem om vir "Lauren-huisie" as spreekbuis op te tree. Die navorser het ook te kenne gegee dat sy nie alleen vir "Lauren-huisie" sou kon help nie. Lauren het daarop ingewillig om as "ko-terapeut" op te tree. Aan die einde van die sessie is Lauren versoek om vir "Lauren-huisie" op die rak in die navorser se kantoor neer te sit. Daarna is sy aan die begin van elke sessie versoek om die huisie van die rak af te haal en op die tafel te sit. Terwyl die huisie op die tafel gestaan het, het die kind geweet dat daar aan die spesifieke probleem gewerk word. Deur dit weer aan die einde van die sessie op die rak te bêre, is hierdie proses simbolies afgesluit. Die betrokke ritueel het daadwerklik tot die praktiese strukturering van die behandelingsproses bygedra.

***Stap vier*** van die behandelingsproses is begin deur die kind te versoek om namens "Lauren-huisie" 'n vraelys te voltooi rakende dit wat met haar gebeur het. Sy het op die vyfpuntskaal aangetoon dat al die gevoelens in hul uiterste negatiewe vorm beleef word. Lauren is toe versoek om "Lauren-huisie" vas te hou, haar weereens te verseker dat niks wat gebeur het, haar skuld is nie, en dat, alhoewel "ons" nie die pyn kan wegneem nie, sy wel in die toekoms beter sal voel.

## Fase 3: Die hantering van die nagevolge van molestering

In ***stap vyf*** is daar met die huisie in gesprek getree oor elkeen van die negatiewe gevoelens wat in die vraelys gedek was. Hiertydens het dit geblyk dat, ten spyte van vorige versekerings, Lauren steeds gevoel het dat sy skuld aan die gebeure het en nagelaat het om haar vader te keer. Ten einde die verskil in verantwoordelikheid te illustreer, het die navorser 'n 2 x 2 cm-prentjie van 'n huisie en 'n 6 x 6 cm prentjie van "Jan-Hendrik" geteken. Beide prentjies is uitgeknip en Lauren is versoek om die verskil in grootte te meet. Met behulp hiervan, asook vrae soos "wie kan vir wie optel?", "wie is die sterkste?" en "wie weet die meeste?", is Lauren gehelp om konkreet te besef dat die volwassene groter, sterker en slimmer is. Op grond van laasgenoemde is baie klem gelê op die volwassene se verantwoordelikheid om die klein huisie te beskerm en nie skade aan te doen nie. Lauren is ook versoek om met die huisie te praat en vir haar te sê dat sy geen skuld aan die molestering gehad het nie.

"Lauren-huisie" het in haar vraelys te kenne gegee dat sy baie kwaad vir "Jan-Hendrik" is. Lauren is versoek om 'n prentjie van "Jan-Hendrik" te teken en is daarna die keuse gegee om die prentjie op te sny, te verbrand of toe te sluit. Sy het gekies om "Jan-Hendrik" op te sny *en* die stukkies te verbrand. "Lauren-huisie" is verseker dat sy mag kwaad wees oor wat gebeur het aangesien dit "Jan-Hendrik" was wat iets verkeerds gedoen het.

Aan die begin van die volgende sessie het mev D genoem dat Lauren steeds erge nagmerries kry, dat sy saans bang was om te gaan slaap en dat sy elke nag na haar ouma roep of by haar gaan



CamScanner

inkruip. Alhoewel stap vyf van die proses nie afgehandel was nie, was dit op hierdie stadium belangriker om op die volgende stap, naamlik die hantering van drome en terugflitse, te fokus.

***Stap ses***. "Lauren-huisie" is in die volgende sessie versoek om die navorser van haar drome te vertel. Dit het haar baie ongemaklik gemaak en sy het dit baie moeilik gevind om daaroor te praat. Sy was egter bereid om te vertel dat "Lauren-huisie" gereeld gedroom het wat "Jan-Hendrik" aan haar gedoen het. Uit die betrokke en daaropvolgende sessies het dit geblyk dat sy herhaaldelik gedroom het:

- dat sy op die bad of die bed se rand sit terwyl hy haar penetreer (aangesien Lauren nie woordeskat gehad het om dit te beskryf nie, is sy gehelp om met anatomiese korrekte poppe die daad te demonstreer);
- hoe hy haar in die nag wakker maak, optel en na die sitkamer dra terwyl sy protesteer met "nee, Pappa of asseblief, Pappa, moenie";
- hoe hy die gangdeur sluit sodat niemand per ongeluk op hulle kan afkom nie;
- hoe hy haar en homself met sjokolade smeer en hy haar lek en sy hom lek en suig; en
- hoe dikwels sy gebraak het nadat sy die semen moes sluk.

Uit die drome was dit duidelik dat bepaalde omstandighede, tesame met reuke en smake, 'n onlosmaaklik deel van haar drome en terugflitse was. "Lauren-huisie" kon sê wat vir haar baie lekker is en daar is voorgestel dat sy 'n negatiewe aanleidende gedagte met 'n lekker gedagte vervang. So is daar onder andere besluit om die ouma te betrek sodat Lauren nie alleen in die bad hoef te sit nie en dat hulle saans, voor sy gaan slaap, 'n lekker storie saamlees. Lauren kon dan op die storie konsentreer indien sy in die nag sou wakker word.

Om die smaak-geassosieerde terugflits teen te staan, is Lauren se gunstelinglekker ingespan. Sy is van dié lekkers voorsien om te eet as sy 'n negatiewe reuk- en smaaksensasie ervaar.

Met die volgende sessie, wat na 'n skoolvakansie plaasgevind het, was Lauren opvallend terughoudend. Sy het te kenne gegee dat sy glad nie meer droom nie en dat sy geen rede sien waarom daar met die behandelingsprogram voortgegaan moes word nie. Hierdie reaksie was in lyn met Matsakis (1991:83) se bevinding dat kinders dikwels die terapeutiese proses probeer stop wanneer die materiaal waarmee gewerk word, te pynlik raak. In reaksie is daar tydens die betrokke en daaropvolgende sessie net speletjies met die huisie gespeel.

Tydens 'n volgende sessie het Lauren spontaan vertel dat sy en haar niggie, wat saam met hulle op vakansie was, aan mekaar se geslagsdele gevat het en dat sy dit geïnisieer het. Dit was duidelik dat sy bewus was van die verkeerdheid van die daad en baie sleg oor die voorval gevoel het. Laasgenoemde het 'n geleentheid geskep vir die bespreking van rolle en grense.

Tydens die ***sewende stap*** is daar weer met "Lauren-huisie" in gesprek getree en tesame hiermee is rollespel gebruik om sekere vaardighede in te oefen, naamlik om verantwoordelikheid aan die dag te lê, om te volhard en om selfgeldend op te tree. Die aard en belangrikheid van persoonlike grense is ook behandel en gedemonstreer.

### Fase 4: Die internalisering van persepsies en vaardighede

Op hierdie stadium van die proses was dit duidelik dat Lauren haar weerstand teen die behandeling oorkom en reeds basiese vaardighede bemeester het. Volgens haar ouma het Lauren ook rustiger geslaap en het haar konsentrasie op haar skoolwerk verbeter. Ter aanvang van ***stap agt*** is sy gevolglik versoek om 'n gefotostateerde prentjie van 'n huisie in te kleur. Daar is aan Lauren

CS CamScanner

verduidelik dat dit "ons" plan is om "Lauren-huisie" ook mooi te maak en dat "ons" dus solank 'n sigbare plan moes maak oor wat om te doen. Sy is aangemoedig om vir "Lauren-huisie" te vra wat haar gunstelingkleur is en of sy van blomme hou. Die voltooide huisie is op karton vasgeplak en gevou sodat die huisie langs "Lauren-huisie" op die rak kon staan (sien Illustrasie 2, huisie regs). Verskeie speletjies is met die twee huisies gespeel.

***Stap nege*** is ingelei met die versoek dat die kind vir "Lauren-huisie" 'n veiligheidsdeur en diefwering moes inteken. 'n Alarmstelsel is ook in die huisie aangebring. Lauren het namens die huisie geskree wanneer die alarm afgaan. Sy is daarop gewys dat die huisie reeds voorheen (sien stap sewe) geoefen het om haarself te beveilig en dat sy nou met die hulp van haar alarmstelsel nie meer bang hoef te wees dat "dit" weer sal gebeur nie. Daar is beplan om gedurende die volgende sessie was om met die huisie te speel en haar reaksie op haar diefwering te toets. Lauren het egter vir "Lauren-huisie" van die rak afgehaal en aangekondig dat sy nie meer so klein is nie. Sy wou 'n nuwe, groter huisie maak.

Gedurende die volgende twee sessies is Lauren bygestaan om 'n nuwe, groter huisie, wat "Lauren-huisie 2" genoem is, te maak (sien Illustrasie 2). Sy het spontaan vir "Lauren-huisie 2" diefwering en 'n veiligheidsdeur geteken. Sy wou vir "Lauren-huisie 1" huis toe neem, maar daar is aan haar verduidelik dat die huisies slegs aan die einde van die behandelingsprogram saam met haar huis toe kon gaan. Tydens 'n sessie het Lauren as spreekbuis vir die twee huisies bepaal hoe die klein huisie aan die begin van die behandeling gevoel het en hoe huisie 2 nou voel. Ten einde struktuur hieraan te verleen, is die "Huisie-vraelys" weer as riglyn gebruik. Uit laasgenoemde was dit duidelik dat Lauren oor sekere aspekte nog baie onverwerkte gevoelens ervaar het. Hieraan is verdere aandag geskenk.

Toe dit aan die lig gekom het dat mnr K na nege maande op parool vrygelaat gaan word, is sessies ingeruim om haar hierop voor te berei. Lauren het dit baie duidelik gemaak dat sy nie haar pa wou sien nie. Sy het hom weer geteken, opgesny en in die asblik gegooi. Lauren is herhaaldelik verseker dat hy hom in 'n ander dorp gevestig het; nie sy area sonder sy parooloffisier se toestemming kon verlaat nie; net met haar eie toestemming met haar mag praat; en dat hy haar slegs onder toesig van 'n volwassene sou kon sien. (Die betrokke reëlings is met al die dienslewerende instansies uitgeklaar.)

Tydens 'n daaropvolgende sessie is weer gesamentlik na "Lauren-huisie 1" en "Lauren-huisie 2" gekyk en is sy gevra wat die verskil tussen die twee huisies is. Sy het uitgewys dat "Lauren-huisie 2":

- groter en slimmer is;
- 'n goeie alarm- en veiligheidsisteem het;
- weens die hofbevel en paroolvoorwaardes die "groter een is";
- nou sterk en mooi was; en
- nou besef het dat dit nie haar skuld was nie.


Die volgende sessies is aan die verdere internalisering en oefening van vaardighede, asook die hantering van verskeie verwikkelinge rondom die gesinsituasie, gewy. Daarna is 'n begin gemaak om Lauren op die terminering van terapeutiese dienste voor te berei. Hiertydens het sy self versoek om op haar eie 'n nuwe huisie te maak. Aanvanklik was die mure 'n halwe meter hoog, want sy wou graag een maak waarbinne syself kon sit. Die karton was egter te sag en sy moes dit kleiner maak sodat dit alleen kon staan. Sy het die huisie uit die staanspoor verfraai en ook van 'n veiligheidsdeur, diefwering, alarmstelsel en selfs 'n satellietskottel op die dak voorsien.



CamScanner

Die drie huisies is langs mekaar neergesit en Lauren se groei in terapie is aan die hand van die drie huisies bespreek. (Sien Illustrasie 2 wat die verskille in grootte en voorkoms van drie van die vier huisies aandui). Sy het erken dat sy maar nog 'n bietjie bang is vir die dag wanneer sy weer haar pa sal sien. Sy weet egter dat hy nooit weer iets aan haar kan doen nie. Lauren was ook duidelik bewus van haar eie waarde en mooiheid. Sy het besef dat sy haarself kan handhaaf in moeilike omstandighede en dat sy goeie steunstelsels het indien enige krisis sou opduik.

**ILLUSTRASIE 2: DRIE VERSKILLENDE "LAUREN-HUISIES"**




## Fase 5: Terminering

Beide Lauren en mev D is op die terminering van dienste voorberei. Mev D is ook versoek om Lauren op 'n later ouderdom weer vir behandeling in te skakel omdat sy, weens haar ouderdom, nog nie op die aard en implikasies van haar toekomstige seksuele ontwikkeling voorberei kon word nie. Aan die einde van die laaste sessie is Lauren toegelaat om al vier huisies (die tekening inkluis) saam huis toe te neem.

## SLOTOPMERKINGS

Die gegewe en ander gevallestudies het aangetoon dat metafore 'n baie effektiewe terapeutiese hulpmiddel en tegniek in die behandeling van seksueel gemolesteerde kinders is. As hulpmiddel het dit die terapeutiese verhouding help versterk, die toepassing van die behandelingsprogram gefasiliteer en ook die betrokke gestruktureerde hanteringswyse minder konfronterend gemaak. As tegniek was dit weer by uitstek geskik om die kinders se denke, gevoelens en gedrag te verander en 'n nuwe sin van selfwaarde te vestig. Sodoende kon die benutting daarvan meehelp om op 'n koste-doeltreffende wyse die kind op die pad vanaf slagoffer tot oorwinnaar te begelei.

## BIBLIOGRAFIE

BALLESTER, S & PIERRE, F 1995. Monster therapy: the use of a metaphor in psychotherapy with abused reactive children. **In:** HUNTER, M (ed) **Child survivors and perpetrators of sexual abuse: treatment innovations**. Thousand Oaks: SAGE Publications.

BARKER, P 1985. **Using metaphors in psychotherapy**. New York: Mazel.

BURGESS, AW 1991. **Rape and sexual assault 111**. New York: Garland Publishing.



CamScanner

COMBS, C & FREEDMAN, J 1990. **Symbol, story, and ceremony.** London: W.W. Norton & Company.

FOX, R 1989. What is a metaphor? **Clinical Social Work**, 17(3):233-244.

GLESNE, C & PESHKIN, A 1992. **Becoming qualitative researchers: an introduction.** New York: Longman.

LANKTON, CH & LANKTON, SR 1989. **Tales of enchantment.** New York: Brunner/Mazel Publishers.

LOFFEL, J 2000. Towards effectiveness in services for sexually abused children in South Africa: some observations from a longitudinal study. **Child abuse research in South Africa**, 1(1):6-11.

MATSAKIS, A 1991. **When the bough breaks: a helping guide for parents of sexually abused children.** Oakland: New Harbinger Publications.

MILLS, J & CROWLEY, RJ 1986. **Therapeutic metaphors for children and the child within.** New York: Brunner/Mazel Publishers.

MORROW, SL & SMITH, ML 1995. Construction of survival and coping by woman who have survived childhood sexual abuse. **Journal of Counceling Psychology**, 42(1):24-33.

MÜLLER, J & MARITZ, B 1998. Die waarde van metafore binne die hermeneuties-pastorale sisteem. **Praktiese Teologie in Suid-Afrika**, 13 (1): 64-71.

OELOFSE, M 2000. Die gebruikmaking van metafore in die maatskaplikewerk-hantering van die seksueel gemolesteerde kind. Potchefstroom: PU vir CHO. (MA-verhandeling).

PARKS, P 1992. **Rescuing the inner child.** London: The Guernsey Press.

PIENAAR, A 2000. South African police service: child protection unit. **Child abuse research in South Africa**, 1(1): 19-24 Jan.

ROYSE, D 1992. **Research methods in social work.** Chicago: Nelson-Hall Publishers.

RUBIN, A & BABBIE, E 1993. **Research methods for social work.** Pacific Grove: Brooks/Cole Publishing Company.

SCHOEMAN, JP 1996. Fantasy, metaphor and imagination. **In** Schoeman JP & Van der Merwe M (reds) **Entering the child's world.** Pretoria: Kagiso Publishers.

SCHOEMAN, JP 1996. The art of the relationship with children – a gestalt approach. **In** Schoeman JP & Van der Merwe M (reds) **Entering the child's world.** Pretoria: Kagiso Publishers.

SHEAFOR, RW; HOREJSI, CR & HOREJSI, GA 1997. **Techniques and guidelines for social work practice.** Boston: Allyn and Bacon.

SHEINBERG, M; TRUE, F & FRAENKEL, P 1994. Treating the sexually abused child: a recursive, multimodal program. **Family process**, 33:263-276, Sept.

SPIES, GM 1993. Die gebruik van metafore in die maatskaplikewerk-praktyk. **Social work practice/Maatskaplikewerk praktyk**, 1:13-18, Mar.

STRYDOM, H 1999. **Maatskaplikewerk-navorsing.** Potchefstroom: PU vir CHO. (Diktaat D134/99.)



CamScanner